

JAARVERSLAG 2017

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE & TOEKENNINGS

Michiel Burger



NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2017

Die skou het plaasgevind van 17 tot 22 Julie 2017 te Parys se Afri-Dome. Dit is met groot dankbaarheid dat ek kan verslag lewer oor n skou wat genadiglik goed bygewoon is en goed afgeloop het.

Nie teenstaande die swak finansiële toestand (veral in die landbou a.g.v. die droogte), is daar meer perde ingeskryf as die vorige jaar. Die vertoners was ongelukkig minder, maar danksy die borge kon ons 'n wins wys op die skou.

Die program het goed verloop, daar is egter 'n paar haakplekke met die rekenaarprogram. Dit is al aangespreek by SA Stamboek en hopelik uitgestryk word.

Gemeet aan die aantal appèlle en klagtes, het die beoordelaars hul goed van hul taak gekwyt. Daar was net een appél, wat nie geslaag het nie.

Die funksie is baie goed bygewoon, moontlik omdat die kaartjies deels geborg is. Ek dink ons moet weer dink oor die tyd en formaat van die funksie. Veral die stêrvul-veiling sal na gekyk moet word.

Die sokker was 'n groot sukses. Vier spanne het deelgeneem in 'n uitklop fase, en 'n finaal later die aand. Dit is afgesluit met 'n braai vir die spelers en toeskouers. Baie dankie vir die borge. Ons kon vier spanne uitrus met klere en AJ Burger en Johannes Langenhoven het gesorg vir die skaapvleis. Die bykosse is deur die Dome geborg. Baie dankie vir reëlings Jannie Jacobsz.

Die storie aand het traag begin, maar toe die tonge begin losraak het die stories al hoe meer geword. Die dame (Juliette Whelpton), het baie meer gekry as wat sy op gereken het. Die saam kuier het ons mense goedge doen en dit moet meer gedoen word.

Die bloedtoetse is 'n probleem. Dit is duur en daar sal 'n praktiese en bekostigbare oplossing gevind moet word.

Die trofee is ook 'n tameletjie. Ons sal iemand moet aanstel om dit te kontroleer en terug te kry. Die besluit om een trofee te gebruik vir die neem van AL die foto's het baie gehelp. Daar sal 'n ooreenkoms opgestel moet word waar trofeewenners verantwoordelik en aanspreeklik gehou kan word daarvoor.

Die fotograaf het homself gediskwalifiseer vir enige ander Boerperdskoue, volgens my mening. Om meer te sê, is 'n mors van tyd. Daar sal wel 'n plek vir die neem van foto's buite die arena ingerig moet word. Die foto's van die kampioene in die arena neem te veel tyd.

Daar sal ook gekyk moet word na 'n kleredrag kode vir die beamptes (*stewards*).

Baie dankie aan al die borge, beamptes, skou-komitee en kantoor. Sonder julle hulp en harde werk sou die skou nie moontlik gewees het nie.

TOEKNINGS

Alle meriete punte is op die elektroniese LOGIX stelsel gelaai vir makliker berekening in die toekoms. Lede is gevra om die punte sover moontlik te verifieer sodat totale by die totale soos in 2016 afgesluit, gevoeg kan word.